

8 September

**Skrifgedeelte: Psalm 120, 121
Fokusgedeelte: Psalm 120:5-7**

Hier is ons vreemdelinge, maar ook pelgrims!

“Die wêreld is ons woning nie...”, het Totius gedig. Daarmee het hy dieselfde gedagte as die digter van Psalm 120 verwoord: In hierdie wêreld is die gelowige ‘n vreemdeling.

Vir die digter van Psalm 120 was dit verskriklik erg om as kind van die Here tussen heidene te woon. Leuenaars en bedrieërs het die lewe vir hom moeilik gemaak. Hy het vrede begeer, maar hulle het vrede gehaat. Daarom was hulle ook vyandig gesind teenoor hom. Dit laat hom uitroep: “Hoe ellendig was dit toe ek as vreemdeling in Mesek gewoon het en tussen die inwoners van Kedar gebly het!”

Psalm 120 is die eerste van vyftien sogenaamde pelgrims- of bedevaartsliedere. Dit is liedere wat die gelowiges gesing het wanneer hulle op pad was na Jerusalem om die Here daar te gaan dien. In hierdie lied sing die digter dus indirek van sy verlange om verlos te word van die vyandigheid van hierdie wêreld en om by God te wees.

As kinders van die Here behoort ons ook elke dag te ondervind: “Die wêreld is ons woning nie...” Jesus self het tog gesê: “As die wêreld julle haat, onthou: Hy het My voor julle gehaat.” (Johannes 15:18). En in 1 Petrus 2:2 staan: “Geliefdes, in die wêreld is julle vreemdelinge en bywoners.”

Soos die digter moet ons ook ons toevlug by God soek. Al is ons hier vreemdelinge is ons mos ook pelgrims op pad na die Nuwe Jerusalem, waar ons nie meer vreemdelinge sal wees nie, maar waar ons tuis sal wees in die huis van ons Vader!

Sing: Skrifberyming 45:1, 12

Ds HPM van Rhyn (Wilropark)